



Municipaliteit
Municipality
Umasebuzi

Case no/verw/ 15/3/4-9/Erf_1993
File ref: 15/3/3-9/Erf_1993
15/3/10-9/Erf_1993

Navraag/Enquiries:
Mnr HL Olivier

15 Februarie 2016

CK Rumbold & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Per Geregistreerde Pos

Meneer/Dame

VOORGESTELDE HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING OP ERF 1993, MOORREESBURG

U aansoek ontvang 23 Junie 2016 met verwysing MOOR/9201/JL, het betrekking.

A Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 'n vergadering gehou op 10 Februarie 2016 die aansoek om hersonering van erf 1993 (groot 2255m²), Moorreensburg, vanaf enkele-residensiële sone 1 na algemene residensiële sone 3, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUDEHEER

- (a) dat die primêre gebruik op die perseel beperk word tot 'n gastehuis;
- (b) dat die bestaende gebou op die perseel so omskep word dat dit maklik weer deur een gesin as enkelwoonhuis gebruik kan word, dus mag daar net een kombuis wees;
- (c) dat die konferensiefasiliteit slegs deur inwonende gaste gebruik mag word;
- (d) dat maaltye slegs aan inwonende gaste voorsien mag word;
- (e) dat bouplanne vir die omskepping van die bestaende woonhuis in 'n gastehuis aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir ooreweging en goedkeuring voorgelê word;
- (f) dat die beswaarmakers op hul reg tot appél per geregistreerde pos gewys word asook dat daar geen reg tot appél t.o.v. die vergunningsgebruik is nie;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaende wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaende aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

VERBIND TOT UITNEMENDE DIENSLEWERING

UKUZIMISELA UKWENZA UMSEBENZI OGQWESILEYO

DEDICATED TO SERVICE EXCELLENCE

Rig asseblief alle korrespondensie
aan die Municipale Bestuurder
Privaatsak X52
Malmesbury 7299

Carling Tel 022 492 2237

Tel 022 487 9400
Faks/Fax 022 487 9440
E-pos/E-mail swartlandmun@swartland.org.za
www.swartland.org.za

Moorreesburg Tel 022 493 2246

Kindly address all correspondence
to the Municipal Manager:
Private Bag X52
Malmesbury 7299

Yzerfontein Tel 022 451 2366

A4 STRATE EN STORMWATER

- (a) dat die voorgestelde parkeerarea van 'n stofvrye oppervlak voorsien word;

A5 VULLISVERWYDERING

- (a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief gehef word vir die woning asook vir die besigheid, wat in die geval van die besigheid aangepas sal word volgens die hoeveelheid vullis verwyder. Dat vullis in swartsakke op die naaste munisipale sygaardjie op die oggend van verwydering geplaas word.

A6 KAPITAALBYDRAES

- (a) dat 'n vaste kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R8 996-50 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990 is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (b) dat 'n vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatswaterdienste ten bedrae van R12 128,33 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatsdooddienste ten bedrae van R 6 000,00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-78-85-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (d) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015 daar 'n 40% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;

- B** Die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op erf 1993, Moorreesburg ingevolge Artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskema-regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tuisberoep is goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING EN BOUHEER

- (a) dat die tuisberoep beperk word tot 'n "gesondheidsentrum" vir die voorsiening van terapeutiese dienste insluitend massering, refleksologie, kruid- en energie-genesing soos voorgelê in die aansoek;
- (b) dat geen goedere wat te koop aangebied word, in die openbaar uitgestal mag word nie en geen eksternale tekens van 'n tuisberoep mag sigbaar wees van die straat nie, behalwe 'n reklamebord in ooreenstemming met (c);
- (c) geen reklamebord mag vertoon word ander as een onverligte teken of kennisgewing wat nie oor die straat uitsteek nie, en sodanige teken mag nie 2000cm² in oppervlak oorskry nie en mag slegs die naam, telefoonnommer en profesie of beroep van die bewoner aandui;
- (d) dat die ruimte wat toegewy word aan 'n aktiwiteit wat verband hou met 'n tuisberoep mag nie meer as 50m² van die gebou bestaan nie;
- (e) dat geen produkte, goedere, of voorraad wat verband hou met die tuisberoep mag op die grondeenheid buite 'n gebou gestoor word nie;
- (f) dat nie meer as vier persone in totaal in die tuisberoep-aktiwiteite op 'n grondeenheid betrokke mag wees nie, insluitend die bewoner of -bewoners en enige assistente;
- (g) dat die handelsure van die tuisberoep nie buite die ure 07h30 tot 17h30 mag strek nie;

- C** Die aansoek om afwyking van die 5m syboulyn na 1.4m ten opsigte van die noordelike grens sowel as die 5m straatboulyn ten opsigte van Pastoriestraat na 4.8m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 is goedgekeur.

D Die voorgestelde aansoek om hersenering, vergunning en afwyking vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Daar is fisies geen beperkings wat die voorgestelde aansoek negatief sal beïnvloed nie;
- (b) Daar is ook geen beperkings teen die titelakte van die erf geregistreer wat die aansoek negatief beïnvloed nie;
- (c) Die voorstel behels die omskepping van die bestaande woonhuis en sal gevolglik 'n minimale impak hê op omliggende eiendomme;
- (d) Die eiendom is ook reeds van dienste voorsien wat as voldoende beskou word;
- (e) Die voorstel sal ook 'n minimale impak hê op die bestaande dienste netwerk;
- (f) Die toegang tot die perseel word as voldoende geag en gegewe die feit dat daar genoegsame spasie op die perseel is om die voorgeskrywe op-perseel parking te voorsien sal die aansoek nie 'n negatiewe impak op voetganger of voertuig beweging hê nie;
- (g) Siende dat die eienaar ook op die perseel gaan woon kan dit berekenaar word dat geraas wat moontlik 'n steurnis kan wees effektiwief bestuur kan word;
- (h) Die voorstel is in lyn met die bestaande beplanning in die gebied. Dit voldoen aan die ruimtelike beplanningsbeginsels van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.

In terme van artikel 79(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015) het u 'n reg om binne 21 dae vanaf datum van registrasie van hierdie skrywe aan die appèlowerheid van Swartland Munisipaliteit, teen die voorwaardes van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se besluit appél aan te teken.

Sou u besluit om te appelleer kan u aan die volgende adres skryf:

Die Munisipale Bestuurder, Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299

In terme van artikel 79(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015) het die beswaarmaker ook 'n reg om binne 21 dae vanaf datum van registrasie van hierdie skrywe aan die appèlowerheid van Swartland Munisipaliteit, teen die Raad se besluit appél aan te teken.

Hierdie goedkeuring kan derhalwe eers van krag word sou daar na verloop van die toegelate 21 dae geen appéle ontvang word nie.

Die uwe



MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste

HLO/ds

Afskrif: Mnr C E Bruinjies en Me Y S Cox-Chetty

Direkteur : Elektriese Dienste

Direkteur : Siviële Ingenieursdienste

Direkteur : Finansieële Dienste